

# HOËRSKOOI VREDENBURG

## Eksamen (Vraestel 2)

### TAAK 10

GRAAD 8

DATUM: NOVEMBER 2020

EKSAMINATOR: L. SMIT

TYD: 2 UUR

MODERATOR: P. JOUBERT

PUNTE: 60

**NET DIE BESTE GEE VOLDOENING**

### INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

AFDELING A:	Begrip	(20)
AFDELING B:	Visuele teks	(10)
AFDELING C:	Opsomming	(10)
AFDELING D:	Taalstrukture en –konvensies	(20)

2. Beantwoord ALLE vrae

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE BLADSY.

4. Gebruik die numeringstelsel wat op die vraestel is in die baentwoording van jou vrae.

5. Trek 'n KANTLYN aan die regterkant van elke bladsy.

6. Los 'n reël oop tussen antwoorde.

7. Skryf NETJIES en leesbaar.

8. Skryf met 'n BLOU of SWART pen.

9. Gee aandag aan spelling en konstruksie.

10. Sterkte.

## AFDELING A: BEGRIPSTOETS

### VRAAG 1

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat volg.

#### **Tieners van toeka tot nou**

Dis 'n nuwe generasie! Sommige volwassenes skud hulle koppe en sê met afkeur "Vandag se tieners darem", onbewus van hoe eenders vandag se tieners en toeka se tieners is.

Reeds vanaf die 1940's het tieners daarna gestreef om selfstandig te raak en hul identiteit en onafhanklikheid te vind. Die omgewing en style waarin die tieners hul onafhanklikheid en eie identiteit uitdruk het deur die jare verander, maar die mediums het basies dieselfde gebly, naamlik. musiek, dans, modes, taal en verhoudings.

#### Tienerkultuur

Gary Chapman spreker, skrywer, pastoor, berader en die direkteur van Marriage and Family Life Consultants Inc. in Amerika, beweer dat daar 'n paar karaktereienskappe is wat bepaal hoe ons tieners vandag verskil en ook ooreenstem met tieners van ander generasies. Ons kyk in hierdie artikel na die ooreenkomste.

#### 1. Fisiese en intellektuele verandering

In die tienerfase is die fisiese groei baie duidelik. Skielik groei hulle arms, bene, ens. Dit bring onsekerheid by die tiener, wat skielik besef hy of sy word 'n volwassene. Hulle wonder oor hoe hulle gaan lyk. Die ewige vyand, aknee, neem ook sy kans waar in die proses om tieners net meer selfbewus as tevore te maak.

Daarmee saam ontwikkel die tiener 'n nuwe manier van dink, wat ouers soms nie besef en verstaan nie. Hulle begin abstrak dink in terme van eerlikheid, lojaliteit en geregtigheid en ook oor al die moontlikhede wat die toekoms vir hulle inhou.

#### 2. Redenering

Die tiener het die ongelooflike vermoë om logies te kan dink en dinge te beredeneer. Vir ouers kom dit voor asof die tiener wil argumenteer. In werklikheid ontwikkel hul kognitiewe vaardighede en as die ouer dit besef, kan hul betekenisvolle gesprekke aanknoop. Soms dink tieners hulle weet meer as die ouers en ... soms is hulle reg. Die nuwe gevorderde manier van dink neem die tiener na 'n nuwe vlak van sosiale verhoudings.

### 3. Gekonfronteer met waardes

Wanneer tieners die ouers se waardesisteme bevraagteken, sal wyse ouers die vrae verwelkom en eerlike antwoorde gee en die tiener aanmoedig om verder te ontdek. Dit los die deur vir verdere kommunikasie tussen ouer en tiener wyd oop.

### 4. Hulle bevraagteken die toekoms

Die vraag "Wat wil ek eendag met my lewe doen?" is eintlik 'n geestelike vraag: "Wat is die investering van my lewe en tyd werd? Waar sal ek die meeste vreugde vind en waar kan ek die grootste bydrae maak?" Ouers moet hulle kinders blootstel aan baie areas en mense om hierdie spesiale roeping in die lewe te ontdek. Daar word gesê dat die mense wat die grootste verskil in die lewe gemaak het, mense was met 'n roeping en wat daardie roeping uitgeleef het. Wat 'n inspirasie!

*Deur Ronéll van Rooyen*

- 1.1. Wat bedoel die skrywer met die titel "Tieners van toeka tot nou" ? (2)
- 1.2. Wie of wat is "die ewige vyand"? (1)
- 1.3. Haal EEN woord aan wat verduidelik hoe hierdie "ewige vyand" die tieners laat voel. (1)
- 1.4. Watter verandering(e) bring onsekerheid by tieners? (1)
- 1.5. Watter beroep(e) beoefen Gary Chapman? (3)
- 1.6. Watter voordeel hou "die nuwe gevorderde manier van dink" vir tieners in? (1)
- 1.7. Noem VIER ooreenkomste tussen die "tieners van toeka" en die tieners van nou. (4)
- 1.8. Gee drie maniere hoe die vraag oor wat tieners eendag met hulle lewens wil doen 'n geestelike vraag is. (3)
- 1.9. Wat moet ouers vir hulle kinders doen om hulle te help om hulle vrae oor die toekoms te beantwoord? (2)
- 1.10. Dink jy tieners moet van 'n jong ouderdom al weet wat hulle in die toekoms gaan doen? Skryf JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

## AFDELING B: VISUELE TEKS

### VRAAG 2

Kyk na die onderstaande visuele teks en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.1 Hoeveel kos 'n glas wyn? (1)
- 2.2 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.  
Die man se woorde impliseer dat die wyn (goedkoop/ duur) is. (1)
- 2.3 Waar speel die gebeure in die sprokiesprent af? (1)
- 2.4 Waar of onwaar: Die man lyk gelukkig oor die prys van die wyn. (1)
- 2.5 Gee 'n sinoniem vir die woord "gelukkig". (1)
- 2.6 Voltooi die vergelyking deur die ontbrekende woord in te vul.  
Die man wat die koerant lees, is so vet soos 'n \_\_\_\_\_. (1)
- 2.7 Die mense in die agtergrond lyk of hulle aanhoudend praat. Gee 'n gepaste idioom om hulle gedrag te beskryf. (1)
- 2.8 'n Mens kan agterkom dat die kelner baie onseker is oor wat hy volgende moet sê. Gee die trappe van vergelyking vir die woord 'baie'. (2)
- 2.9 Skryf die volgende sin oor in die **indirekte rede**:  
"Ek gee nie om hoe jy die glas sien nie," sê die man. (1)

[10]

## AFDELING C: OPSOMMING

### VRAAG 3

Lees die onderstaande wenke vir 'n gesonde leefstyl en maak 'n puntgewyse opsomming van nie meer as 70 woorde nie. Jy moet 10 wenke verskaf.

#### **Wenke vir 'n gesonde leefstyl**

deur Margaret Frick

Glo my, dit is moontlik om weer in daardie pragtige rok wat agter in jou kas weggehang is, te pas. Kry net eers jou kop reg en besluit, tot hiertoe en nie verder nie. Hier is wenke om dit makliker te maak:

Etes moet proteïen bevat en peuselhappies kan proteïen en goeie vette soos neute wees. Vermyn proteïen wat baie diervet bevat, soos salami. Ideale peuselhappies is neute en sade, asook kaas, jogurt en koue vleise van die plaaslike Deli. Die koolhidraat- en suikerinhoud in die kaas moet net nie hoër as 5g per 100g wees nie. Beperk koolhidrate tot 'n minimum en probeer om dit heeltemal uit jou aandetes te sny. Beperk vrugte en vrugtesappe tot 'n maksimum van twee per dag – verkieslik net vir ontbyt en middagetes. Groentes, veral groen groentes, is koning. Eet soveel daarvan as wat jy wil. Groente help geweldig baie om daardie spysverteringstelsel aan die gang te hou. Wees strenger met jou suikerinnames saam met tee en koffie, hierdie wolf in skaapsklere veroorsaak meer skade as wat jy jou ooit sal kan indink! Water is baie belangrik. Drink twee tot drie liter per dag.

Slaai is die ideale gereg vir enige geleeltheid, maar moenie die slaai in slaaisouse verdink nie. Wees versigtig vir die vetvrye opsies in kossoorte. Hoewel die vetinhoud laer is, word die produkte met soveel koolhidrate en suiker gelaai dat dit eintlik meer skade om die heupe aanrig. Dit is maar goed om bewus te raak van wat jy en jou gesin eet deur altyd die inligting oor die voedingswaarde op die produk se etiket te lees.

## AFDELING D: TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES.

### VRAAG 4

Lees die onderstaande teks en beantwoorde die taalvrae wat daarop volg.

#### **Negatiewe effekte op tieners wat sosialae netwerke gebruik**

1. Tieners word meestal die slagoffers van kuberboelies.
2. Tieners is nie produktief genoeg gedurende die dag nie. Die meeste van hul tyd word op sosiale netwerke spandeer, wat laer punte in akademie tot gevolg het.
3. Tieners kommunikeer baie minder met vriende van aangesig tot aangesig omdat hulle liever aanlyn met die vriende sal kommunikeer.
4. Tieners leer nie hoe om te kommunikeer in die regte wêreld nie.
5. Tieners leer nie hoe om lyftaal te gebruik en hul stemtoon te varieer om by hulle eie gevoelens, asook hul geselskap se gevoelens te pas nie.
6. Tieners sukkel om te konsentreer terwyl hulle leer omdat hulle die heelryd besig is op sosiale netwerke.
7. Tieners kan aggressief en geïrriteerd optree as hulle te lank op 'n sosiale netwerk is.
8. Tieners se opstelle, woordeskate en sinskonstruksie verswak. Daar is geen taal- of spelreëls op sosiale netwerke nie.
9. Tieners bly langer ure wakker om op sosiale netwerke te kommunikeer.
10. Tieners se geestelike en fisiese welstand ly onder sosiale netwerke.

4.1 Skryf die volgende sinne in die **ontkennende vorm**:

4.1.1 Tieners word meestal die slagoffers van kuberboelies. (1)

4.1.2 Tieners sukkel om te konsentreer terwyl hulle leer. (1)

4.2 Verbind die onderstaande sin met die gegewe **voegwoord**: (2)

*Tieners tree aggressief op. Hulle is te lank op sosiale netwerke. (omdat)*


4.3 Skryf die onderstaande sin in die **toekomende tyd** EN in die **verlede tyd**:

*Tieners sukkel om te konsentreer.* (2)

- 4.4 Skryf die onderstaande sin in **lydende vorm**:  
*Tieners leer nie hoe om te kommunikeer nie.* (2)
- 4.5 Skryf 'n antoniem vir "vriende" (1)
- 4.6 Skryf 'n sinoniem vir "moeg" (1)
- 4.7 Identifiseer die **bywoord** in die volgende sinne EN sê of dit 'n bywoord van **tyd, plek of wyse** is:  
*Tieners kan aggressief optree as hulle op 'n sosiale netwerk is.* (2)
- 4.8 Dui die oortreffende trap van "hoog" aan. (1)
- 4.9 Skryf die **onbepaalde lidwoord** in die volgende sin neer:  
*Die tiener hou van tyd spandeer op 'n sosiale netwerk.* (1)
- 4.10 Skryf die **voornaamwoord** in die volgende sin neer en sê of dit 'n **besitlike of persoonlike** voornaamwoord is:  
*Tieners sukkel om afskeid te neem van hulle selfone.* (2)
- 4.11 Bestudeer die onderstaande sin en skryf dan die volgende neer:  
*Jong tieners kommunikeer te veel op sosiale netwerke.*
- 4.11.1 Die voorwerp (1)
- 4.11.2 Die onderwerp (1)
- 4.11.3 Die werkwoord (1)
- 4.11.4 Die byvoeglike naamwoord (1)

[20]

GROOTTOTAAL: [60]



# HOËRSKOOL VREDENBURG

## Vraestel 2: Memorandum

### TAAK 10

GRAAD 8

DATUM: NOVEMBER 2020

EKSAMINATOR: L. SMIT

TYD: 2 UUR

MODERATOR: P. JOUBERT

PUNTE: 60

### NET DIE BESTE GEE VOLDOENING

#### AFDELING A: LEESBEGRIP

1.1	Hy vergelyk tieners van die verlede ✓ met die hedendaagse tiener ✓.	(2)
1.2	Aknee. ✓	(1)
1.3	"selfbewus" ✓	(1)
1.4	Fisiese groei ✓/ Skielike groei van arms ✓/ Skielike groei van bene. ✓ (Enige een)	(1)
1.5	Spreker ✓ Skrywer ✓ Pastoor ✓ Berader ✓ Direkteur ✓ van 'n maatskappy (Enige drie)	(3)
1.6	Dit neem die tieners na 'n nuwe vlak van sosiale verhoudings. ✓	(1)
1.7	Albei verander fisies en intellektueel. ✓ Albei het die vermoë of logies te kan dink en dinge te beredeneer. ✓ Albei is gekonfronteer met waardes/ waardesisteme. ✓ Albei bevraagteken die toekoms. ✓	(4)
1.8	Dit skep die vrae: "Wat is die investering van my lewe en tyd werd?" ✓ "Waar sal ek die meeste vreugde vind?" ✓ "Waar kan ek die grootste bydrae maak?" ✓	(3)
1.9	Ouers moet hulle kinders blootstel aan baie areas ✓ en mense. ✓	(2)



1.10	<p>JA, dit is goed om voorbereid te wees en 'n plan te hê / as 'n mens nie vooruit beplan nie dan kan daar onverwagse struikelblokke oor jou pad kom / (enige gepaste antwoord). √√</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>NEE, kinders is nog nie volwasse genoeg om sulke groot en ernstige besluite te maak nie / hulle het nog nie genoeg lewenservaring opgedoen om te weet wat hulle in die toekoms sal wil doen nie / (enige gepaste antwoord) √√</p> <p>(2 of 0)</p>	(2)
		[20]
<b>TOTAAL AFDELING A: [20]</b>		

#### AFDELING B: VISUELE TEKS

2.1	R80 √	(1)
2.2	Duur √	(1)
2.3	By 'n restaurant. √	(1)
2.4	Onwaar. √	(1)
2.5	Bly. √ (enige woord sinoniem aan gelukkig)	(1)
2.6	Vark. √	(1)
2.7	Hulle <u>praat 'n hond uit 'n bos uit.</u> √	(1)
2.8	Baie, meer √, meeste. √	(2)
2.9	<p>Die man sê hy gee nie om hoe <u>hy/sy</u> die glas sien nie. √/ <i>die kelner / die man</i></p> <p>Die man sê dat hy nie omgee hoe hy/sy die glas sien nie. √</p> <p>(Enige een)</p>	(1)
		[10]
<b>TOTAAL AFDELING B: [10]</b>		

AFDELING C: OPSOMMING

(maksimum 70 woorde)

DIREKTE AANHALING	EIE WOORDE	
Sewentig persent van 'n suksesvolle leefstyl is KOS – hoeveel jy eet en wanneer jy eet. Etes moet proteïen bevat en peuselhappies kan proteïen en goeie vette soos neute wees.	Eet kos wat proteïen bevat.	(1)
Vermy proteïen wat baie diervet bevat, soos salami.	Vermy proteïen wat diervet bevat.	(1)
Beperk koolhidrate tot 'n minimum en probeer om dit heeltemal uit jou aandetes te sny.	Beperk koolhidrate tot 'n minimum/ Sny koolhidrate uit jou aandetes.	(1)
Beperk vrugte en vrugtesappe tot 'n maksimum van twee per dag – verkieslik net vir ontbyt en middagete.	Beperk vrugte en vrugtesappe tot 'n maksimum van twee per dag.	(1)
Groentes, veral groen groentes, is koning. Eet soveel daarvan as wat jy wil. Groente help geweldig baie om daardie spysverteringstelsel aan die gang te hou.	Eet groen groente.	(1)
Wees strenger met jou suikerinname saam met tee en koffie, hierdie wolf in skaapsklere veroorsaak meer skade as wat jy jou ooit sal kan indink!	Wees streng met jou suikerinname saam met tee en koffie.	(1)
Water is baie belangrik. Drink twee tot drie liter per dag	Drink twee tot drie liter water per dag.	(1)
Slaaie is die ideale gereg vir enige geleentheid, maar moenie die slaai in slaaisouse verdink nie.	Moenie slaai in slaaisous verdrink nie.	(1)
Wees versigtig vir die vetvrye opsies in kossoorte. Hoewel die vetinhoud laer is, word die produkte met soveel koolhidrate en suiker gelaai dat dit eintlik meer skade om die heupe aanrig.	Wees versigtig vir die vetvrye opsies in kossoorte.	(1)

AFDELING D: TAAL

4.1.1	Tieners word <b>nie</b> meestal die slagoffers van kuberboelies <b>nie.</b> ✓	(1)
4.1.2	Tieners sukkel <b>nie</b> om te konsentreer terwyl hulle leer <b>nie.</b> ✓	(1)
4.2	Tieners tree aggressief op <b>omdat</b> ✓ hulle te lank op sosiale netwerke <b>is.</b> ✓	(2)
4.3	Tieners <b>sal/ gaan</b> sukkel om te konsentreer. ✓ Tieners <b>het gesukkel</b> om te konsentreer. ✓	(2)
4.4	Daar word nie deur tieners geleer hoe om te kommunikeer <b>nie.</b> ✓	(1)
4.5	Vyande. ✓	(1)
4.6	Vaak. ✓ (Enige gepaste sinoniem vir 'moeg')	(1)
4.7	agressief ✓, bywoord van wyse. ✓	(2)
4.8	Hoogste. ✓	(1)
4.9	'n. ✓	(1)
4.10	hulle ✓, besitlike voornaamwoord. ✓	(2)
4.11.1	Sosiale netwerke. ✓	(1)
4.11.2	Tieners. ✓	(1)
4.11.3	Kommunikeer. ✓	(1)
4.11.4	Jong. ✓	(1)
		<b>[20]</b>
	<b>TOTAAL AFDELING D: [20]</b>	

GROOTTOTAAL: [60]